Enige navrae:

Skakel die kerkkantoor 012-991-1542
Faksnommer: 086-628-6889
E-pos: kantoor@valleisig.org.za
Webblad: www.valleisig.org.za
Kantoorure: Dinsdae 09:00 tot 13:00
Ma., Wo., Do. en Vrydae 08:00 tot 13:00

Leraars:

Ds. Janet Cruywagen	082-466–1265
Ds. Benja Ferreira	084-873-6736
Ds. Dewald Niemandt	079-499-5112
Ds. Doret Niemandt	071-204-0584

Valleisig GEMEENTE
Valleisig verteenwoordig die Koninkryk van God

9 Junie 2019

Hartlik welkom by vanoggend se erediens met Pinksterfees en nagmaal

Nuwe reeks

Tema:

Vertel

Dra die Goeie Nuus

In ***Vertel*** gaan ons met aandag luister na die **GOEIE NUUS** om dit vir onsself nuut te ontvang en om dit aan ander oor te dra.

Ons sien met verwagting uit na met wat die Here in dié tyd wil doen.

-begin 14 Julie-25 Aug.-

Om die boekie te bestel:

Kontak die kerkkantoor of bestellingskoeverte is op die toonbank beskikbaar — vul in en gooi in die dankoffergleuf

Koste: ***R40***

Nuwe Omgeegroep – kom skakel in!

As jy nog nie by 'n omgeegroep betrokke is nie en graag wil inskakel.

Wanneer:
Woensdae-aande om 19:00

Omgeegroepleier:
Michiel van der Merwe

Skryf jou naam op die lys by die toonbank neer. Enigeen is welkom!

Pinkster

Baie baie dankie *aan elkeen wat deel gehad het aan ons Pinksterweek.*

Jou bywoning en elkeen se hulp met die maak van heerlike sop en broodjies met ons Pinksteraande word opreg waardeer.

Baie dankie

Eredienste

9 Junie 09:00 Pinksterfees & Nagmaal	16 Junie 09:00 Jeugdag
Prediker: Ds. Dewald Niemandt	Prediker: Ds. Benja Ferreira
Tema: 'n Lewe deur die Gees	
09:00 Kleuterkerk	
10:15 Kinders en Tieners LeefKerk	

Nuwe Lidmate:

Baie welkom in Valleisig! Na afloop van die erediens kan jy by die toonbank in die voorportaal vir ons die nuwe lidmatevorm voltooi en in die dankoffergleuf gooi. Ons sien baie daarna uit om jou te ontmoet!

Gebedsbediening

Gemeenteraad:

Dankie vir 'n geseënde Pinkster wat deur ons leraars aangebied is!

Voorbidding word gevra vir siekes:
John Coetzee, Nick de Beer, Chrisoleen Duminy, Frans Etsebeth, Inge Lübbe, Ronel Skeen, Francois van Tonder, Thys van Wyk, Marinda Vlok.

Operasie: Laine de Beer, Alet van der Linde, Kobus Blom.
Oorlede: Bessie Pienaar. Innige meegevoel aan Ben en familie.

Skakel die kantoor indien jy van lidmate weet wat siek is, hospitaal toe gaan, 'n krisis beleef of skryf die besonderhede in "Siekeboek" op die toonbank.

Gebed:

Indien jy 'n gebedsversoek het, of dankie wil sê, skryf die versoek neer en plaas in die dankoffer-gleuf op die toonbank in die ingangsportaal of stuur aan admin@valleisig.org.za. Versoeke word vertroulik hanteer.

Opleiding van klankoperateurs

Klankoperateurs en belangstellendes word vriendelik herinner aan die twee geleenthede wat daar klankopleiding verskaf word nl. 22 Junie en 6 Julie.

Skole sluit 14 Junie en open 9 Julie

Program vir die week

Ma. 10 Jun.	Di. 11 Jun.	Wo. 12 Jun.	Do. 13 Jun.
05:30 Bybelstudie vir Manne – Navrae: Johan Greeff 083-412-6977 **09:00** Valleisig Dienssentrum in die Buitesaal. **18:30** Barmhartigheid vergadering	**18:30** ValleiPartei vergadering 	**09:00** Bybelstudie in die konsistorie **10:30** Vraagteken gespreksgroep by "Steak inn" **15:00** Renaissance Erediens	**13:30** Naaldwerkklasse vir huishulpe by die kerk. **19:00** Doopgesprek 4

Administrasie

Verjaarsdagoffer:

Verjaarsdagoffer kan gegee word deur koeverte wat op die toonbank beskikbaar is te gebruik, SnapScan (gebruik kode onderaan) of deur dit elektronies oor te betaal. ('verjaarsdag' as verwysing) Dankie vir jou bydra. Elke druppel tel.

Doop:

Indien jy in die derde kwartaal van 2019 wil doop kan jy een van 4 doopgesprekke bywoon. Die datums is aangeteken in Kalender 2019. Indien jul graag jul baba op **7 Julie wil doop**, is die volgende belangrik. **Doopgesprek 4 is 13 Junie** om 19:00 in die Raadsaal. Albei ouers woon die doopgesprek by. Reël asb. toesig vir jul kinders. Vul asb. 'n doopvorm vir ons in voor die doopgesprek en handig by die kerkkantoor in. (Verkieslik 'n maand voor die doop).

SnapScan—'n Maklike manier om jou betaling te doen

Dankoffers

Gemeenteraad:
Op 'n Gemeenteraadvergadering van 27 Mei is Pieter Pretorius verkies as Gemeenteraadslid vir Diensverhouding bediening en Olga Hannah Ludwick vir Senior Jeug.

Verlof van leraars:

Ds. Janet Cruywagen 14—22 Junie.

Ds. Doret Niemandt 12—14 Junie (Studieverlof)

Bewys van lidmaatskap: Jurie en Annemarie Wickham vanaf Lindley.

Valleisig Facebook:

Gaan na die skakel hieronder en klik op "like" en wees ingelig van Valleisig se aktiwiteite.
https://www.facebook.com/Valleisig/

Valleisig Gholfdag—5 September

Alle Valleisig gholfers se aandag het ons nou spesifiek nodig met hierdie Valleisig fondsinsamelingsprojek. Dagboek asseblief reeds hierdie datum, kom ontspan, nooi vriende, speel saam, lag saam en ontmoet nuwe kennisse.
Hier gaan hope pret wees by Silverlakes Golf Estate.

Ons wil graag nou reeds ons gholfers identifiseer asook borge wat ons nodig het om nie net dit 'n onvergeetlike dag te maak nie, maar dat dit ook as 'n fondsinsamelingsprojek sal slaag.

Indien jy meer wil weet van Valleisig se gholfdag, skakel vir Christoff Ferreira.
082-925-4136 of
epos: christoff@hrconnect.co.za.

Skryf solank jou naam op die lys wat op die toonbank lê.

Valleisig gholfdag 2019 vorm ook deel van #Valleisig30Jaar.

DivorceCare & DC4K (DivorceCare 4 Kids)

Ons gaan in die derde kwartaal 'n 13 week kursus aanbied vir mense wat deur 'n egskeiding gaan/gegaan het. Saam met die kursus word daar ook 'n 13 week program aangebied vir kinders (5-12 jariges) wie se ouers deur 'n egskeiding gaan/gegaan het.

Enige iemand wat belangstel om die kursus by te woon of wat wil help om dit aan te bied, kontak asb. Doret Niemandt - 071 204 0584.

Valleisig Senior bediening se komende program:

Junie en Julie	Winter reses
22 Augustus	Piet Smit optrede
07 September	Heeldag uitstappie na Historiese Johannesburg *(LW 'n Saterdag)*
19 September	Hennie Maas – praatjie oor Planete en Sterre
6-13 Oktober	Besoek aan Badplaas (vol bespreek)

Enkelouers

Enige enkelouers wat 'n behoefte het om deel te wees van 'n Valleisig omgeegroep, kontak ons asseblief. Doret Niemandt 071-204-0584.

Bybelstudie vir Jong werkendes/ studente is Donderdag aande
19:00 - 20:00. Kontak Dewald
079 499 5112 niemandtad@gmail.com

Bybelstudie vir Jong ouers is Woensdag aande
19:00 - 20:00. Kontak Dewald
079 499 5112 niemandtad@gmail.com

Valleisig se Geouditeerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geeindig 28 Februarie 2019.

Die Gemeenteraad het die geouditeerde state goedgekeur nadat die ouditeure 'n gekwalifiseerde oudit mening aangeteken het. Die ouditeure is tevrede dat voldoende rekenkundige beheermaatreëls toegepas is. Die finansiële jaartstate is ter besigtiging by die kerkkantoor beskikbaar. Lidmate is welkom om ons Gemeentebestuurder Johann Vermeulen te kontak in dié verband.

Algemeen

ValleiPartei en KinderKarnaval

Ons nooi jou om te kom deelneem aan die ValleiPartei wat plaasvind op 31 Augustus.

Ons het nog baie hande nodig. Daar is koordineerders nodig by van die stalletjies.
Kom bied jou hulp aan deur die kantoor te skakel.

Vetkoeke, Hamburgers, Kerrie-en-rys, Worsbroodjies, melkkos, poeding, pannekoek, koeke/beskuit, koeldrank/tee koffie , roomys en baie handwerk.

Baie lekker kinderaktiwiteite word aangebied!

Hou die datum oop en nooi jou vriende om saam te kom.

'n Graad 4 Jeugleier word benodig.

Indien jy ons kan help skakel vir Doret Niemandt 071-204-0584.

LeefKerk 9 Junie

Babas	Kleuters	Gr. R-7 Kinders	Gr. 8-11 Tieners
Byeenkoms 16 Jun 10:00 in konsistorie Martha v Rooyen 084-580-4271	**09:00 In Kleuterlokaal** Marelize Ferreira 084-506-6612	**10:15 Jeuglokaal** Navrae Olga Ludwick 074-247-2797.	**10:15 Jeuglokaal** Marilene Funk 082-3716-402

Nood en Uitreik

Borde kos: (vir behoeftige gesinne in Silverton)

Borde kos word asb. benodig. Baie dankie.
Navrae: Jozua Joubert 082-538-7636.

Kruideniersware: (vir CMR en behoeftige lidmate in Valleisig)

Nie-bederfbare voedsel word benodig:
Koffie, tee, suiker, melk, rys, pasta, olie, koekmeel, mieliemeel, hawermout, blikkieskos, konfyt, grondboontjiebotter, soppoeier, jellie, badseep, opwasmiddel, sjampoe, tandepasta, toiletpapier, sneesdoekies, onderarm aanrol middels.

Koester 'n kind projek:

Dankie dat lidmate kleingeld in die GRO bottel in die voorportaal gooi.
Navrae: Elma Knipe 082-627-8977.

Thusa Behoeftige Kleuterskole:

THUSA is dringend op soek na 'n wasmasjien, drukker en rekenaar vir 'n Kleuterskool.

Alles moet asseblief net werk !

Elsa Meyer 012 9915156 / 083-273-8262.

Winterprojek

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het tot die Winterprojek. Die klere, komberse of die finansiële bydraes maak 'n groot verskil in ander se lewens wat dit nie het nie . Dit word opreg waardeer.

Naaldwerkklasse vir Huishulpe

Hulp word dringend benodig by die naaldwerk-klasse vir huishulpe op Donderdag middae om 13:30. 'n Basiese kennis van naaldwerk en die gebruik van 'n naaimasjien word benodig.
Skakel Jeanette Heuseveldt 084-774-2000.

MOSAMBIEKPRODUKTE

Marula olie, Cashew Neute en Moringa poeier

Bestel by Christine Booyens
083 556 7048

El-pidá Dienssentrum vir Pretoria-Oos:

Gekookte etes vir seniors is op Maandae by Valleisig gemeente beskikbaar. Bestellings moet asb. 4 dae voor die tyd by Judy 012-991-6316 / 083-325-2102 geplaas word. Die kombuis is gesluit vanaf 17 Junie tot 15 Julie.

4 Junie 09:30
Filosofie Café by Oostvallei Aftree-Oord.
R20 p.p. Spreker: Isak van der Merwe.

11 Junie 09:30
Kreatief. Bespreek.

12 Junie 10:00
Dieselfde Bootjie Groep by El-pidá.

13 Junie 10:00
Boekklub in El-pidá se Kantoor.

18 Jun. 09:30
Fliekoggend by Wapadrand gemeente.

NG Gemeente Valleisig

Vakature: Musiekbedieningsleier (Kontrak Deeltydse pos)

Gemeente profiel:
Ons is 'n gemeente geleë in die ooste van Pretoria—almal is welkom in die Valleisig familie. Ons musiekbediening is 'n belangrike uitdrukking hiervan.
Pos profiel:

1. **Persoons Beskrywing**
   Die geskikte kandidaat moet beskik oor:
- Gesonde geestelike lewe en geestelike leierskap vaardighede
- Genoegsame Musikale kennis en vaardighede.
- Sterk organisatoriese en administratiewe vaardighede
- Goeie interpersoonlike verhoudings vaardighede

2. **Posbeskrywing**
   Die geskikte kandidat moet:
- Leiding neem om Valleisig Musiek se strategiese fokus te implementeer
- Nou skakel met die Erediens Bediening leier
- Rigtinggewende rol speel in terme van lofprysing in die gemeente

3. **Werkure en Vergoeding:**
   Gemiddeld 8 (agt) ure per week. Hoofsaaklik Sondae, een weeksaand en na-ure indien nodig

4. **Persoonsprofiel:**
- Vorige ondervinding in die bestuur van 'n Musiek Bediening sal 'n sterk aanbeveling wees
- Verkieslik'n lidmaat van NG Gemeente Valleisig of die NG Kerk familie
- Die persoon rapporteer aan die Leraar verantwoordelik vir Erediens Bediening

Salaris: Onderhandelbaar

Die pos is beskikbaar vanaf 1 Julie 2019

Aansoeke:
'n Volledige CV van maksimum 3 bladsye met drie referente moet die aansoek vergesel
Per e-pos: kantoor@valleisig.org.za.
Per pos: Johann Vermeulen, Posbus 38000, Faerie Glen 0043

Navrae: Johann Vermeulen kantoor@valleisig.org.za / 012 991 1542
Ds. Dewald Niemandt dewald@valleisig.org.za / 079 499 5112

Die Gemeenteraad hou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. *Sluitingsdatum vir aansoeke: 14 Junie 2019 om 12:00*

Advertensies

Nutsman Takies

Ons doen eenvoudige herstelwerk soos: lekkende krane en toilette; basiese elektriese herstelwerk;

aanbring van rakke, ligte sweiswerk; restourasie van meubels en nog vele meer.

Skakel Jan Opperman

073-188-5898

Aloe Ferox™

Wees wintergereed met Aloe Ferox

- Winter Fighter met echinacea stop verkoue
- Vitamien C
- Si-nose Spray vir sinus blokkasie

Muscle Gel verlig hoes

(Medicines Control Council registrasie)

Handeroom, heelbalm,

Lip balm, tissue-olie,

Vogroom vir droë en ekseem vel

www.af.co.za

Kontak Marieline 083 421 2783